# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**November 2024**



For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## *SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING / SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION*

### *Ere-Presidente / Honorary Presidents*

*Mnr. Warren Klopper    Mr. Clive Druce*

*Mr. Stewart Patterson    Mnr. Wynand Wessels*

*Ds. Renier Lee    Mnr. Pierre le Roux*

*Ds. Hennie Hattingh*

### *Uitvoerende Komitee / Executive Committee*

### *Nasionale / National President*

*Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Sel: 082 426 8703 E-pos: tiaandebruin0@gmail.com*

### *Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)*

*Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com*

### *Nasionale Sekretaris / National Secretary:*

*Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com*

### *National Treasurer / Nasionale Tesourier:*

*Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com*

### *National Ring Master / Nasionale Ringmeester:*

*Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,*

*E-pos: safpa.rings@telkomsa.net*

### *Nasionale Redakteur / National Editor:*

*Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com*

### *Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:*

*Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com*

### *Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative*

*Huidiglik vakant*

### *Streekverteenwoordigers / Region Representatives*

***Noord-van-die-Vaal:*** *Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,*

*E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za*

***Vrystaat:*** *Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,*

*E-pos: plakkers@wol.co.za*

***Wes Kaap:*** *Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960*

*E-pos: thehaircorporation12@gmail.com*

***Noord-Vrystaat:*** *Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,*

*E-pos: pietodendaal01@gmail.com*

***Oostelik Streek:*** *At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,*

*E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com*

***Noord Kaap:*** *Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,*

*E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com*

***Oostelike Provinsie:*** *Johan Botha, Posbus 604, Hunters Retreat, Gqeberha, 6017 Sel: 073 279 3562,*

*E-Pos: jarbotha.48@gmail.com*

***Suid Westelike Distrikte:*** *Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400*

*E-pos Amuller@capekarooint.com*

***Wes-Transvaal:*** *Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,*

*E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com*

***KwaZulu-Natal:*** *Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,*

*E-Pos: duanesschwarz70.co.za*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Algemene inligting van die SASV | 2 |
| Voorwoord - Ian Singleton | 3 |
| Skrywe van Anton Oosthuizen | 5 |
| Modena vrae - Arthur Muller | 7 |
| Wes Transvaal 3 in 1 skou - Marleen Esterhuizen | 8 |
| ASR dag te Kroonstad - Pieter Neethling | 16 |
| Scoreboard and Rules | 17 |


## Verjaarsdae / Birthdays

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| J010 | - | Celest | van Zijl | 01-Dec |
| D051 | - | Charles | Swartz | 01-Dec |
| N057 | - | Cameron | Gladwill | 02-Dec |
| G045 | - | Leedert | Snyman | 02-Dec |
| J030 | - | Ertjies | van Tonder | 03-Dec |
| C053 | - | Du Preez | Hattingh | 11-Dec |
| H088 | - | Johannes | Vermeulen | 11-Dec |
| V054 | - | Floors | van Wyk | 13-Dec |
| D053 | - | Keanu | van der Linde | 15-Dec |
| H085 | - | John | Germishuys | 15-Dec |
| V053 | - | Schalk | Strauss | 15-Dec |
| H073 | - | Natalie | Neethling | 16-Dec |
| B094 | - | Riaan | van der Linde | 18-Dec |
| W019 | - | Matt | Willemse | 19-Dec |
| W073 | - | Danie | Fourie | 19-Dec |
| H089 | - | Lihan | Geldenhuys | 20-Dec |
| H072 | - | AJ | vd Walt | 21-Dec |
| GO47 | - | Andries | Roelofse | 22-Dec |
| A026 | - | Nico | van der Westhuizen | 23-Dec |
| B018 | - | Freddie | Wepener | 23-Dec |
| K040 | - | Johan | Botha | 27-Dec |
| C036 | - | Charl | Naudé | 28-Dec |
| W017 | - | Charl | Cillie | 29-Dec |
| V029 | - | Wietz | van Zyl | 29-Dec |
| B090 | - | Shaun | Smeda | 29-Dec |
| K014 | - | Johnny | Rudman | 30-Dec |

## Nuwe lede/ New members

***Westley Matthews B014***

***Brandon van Tonder B019***

***Carel van Tonder B053***

***Pierre Muller D066***



## Voorwoord

***Ian Singleton***

Dit is die eerste keer dat ek iets skryf vir die Sierduif, Christo het my gevra om iets te skryf en ek het nou lank gedink waaroor om te skryf. Ek het besluit om iets te skryf oor duiwe boerdery in die algemeen, dinge wat ek doen om dit so maklik moontlik te maak vir my. Dit is nou my 8ste jaar wat ek 99% van my duiwe tyd aan my wedvlugduiwe spandeer en 1% aan my Modenas, maar ek boer al 32 jaar met sierduiwe. Ek wil nie skryf oor wedvlugduiwe nie, maar oor alles wat ek geleer het in verband met die gesond hou van duiwe oor die jare en wat vir my werk. Ek is bly om te sien daar is heelwat nuwe lede en dit is merendeels vir hulle wat ek graag 'n paar "tips" wil gee. Ek het nie baie tyd vir duiwe nie, vroeg werk toe en laat terug, verder kom jou gesin voor die duiwe. So my manier van doen is maar myne, dit werk vir my en ek hoop ek kan help om die boerdery vir jou ook makliker te maak.

Toevallig gisteraand met mandjie sê die een vriend hoe hy sy duiwe sit en dip in 'n emmer met gifmengsel. Daar is 'n baie makliker en veiliger manier wat ek doen as ek kuikens speen en weer as ek die duiwe ent. Jou plaaslike koöperasie of agrimark verkoop die spuitmiddels teen vlieë vir honde en perde. Ek weet van 3 verskillende soorte by ons, (Quadrepel is 1 soort) het Piretrien basis aktiewe bestandeel, 1spuit onder elke vlerk en 1spuit op vent area, en jou uitwendige parasiete is weg vir 6maande.

Kom ons begin by die hok, met vliegduiwe en dieselfde geld vir sierduiwe, is 'n oorvloed vars lug (suurstof) die belangrikste ding om gesond te bly en vir herstel na strawwe oefening of 'n siekte. Om dit reg te kry moet die hok se ventilasie reg wees en jy moet nie te veel duiwe in 'n hok hê nie. Die reel dat warm lug opstyg en koel lug weer inkom moet jy gebruik om die lug in jou hok vars te hou. Outomaties sal jou hok droog bly en as jy in jou

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

hok instap, sal daar geen ongewenste reuke wees nie. As jy ingaan in jou hok en jy ruik duiwe, nat mis, sien stof en veral daardie fyn stukkies dons wat so dryf saam met die stof, moet jy weet jy gaan probleme hê. Dit veroorssak asemhalings probleme en jy sal daarom duiwe hê wat nies en natuurlik eenoog verkoues. Beplan ook jou hok met ‘n sonkamp, kyk maar na die wilde duiwe, as die son lekker skyn lê en bak hulle met een vlerk oop.

Jou broeiduiwe moet natuurlike gesondheid hê en so min as moontlik medikasie kry. Ad Schaerlackens noem ‘n land wat baie medikasie gebruik en hy sê dat dit ook op daardie tydstip die land was met die hoogste persentasie jongduifsiekte gevalle. My broeiduiwe moet self gesond bly en moet in perfekte kondisie wees voor hulle enigsins opgepaar sal word. Hulle kry wel elke 6maande iets vir kropkanker , uitwendig + inwendige parasiete en het hulle pokke sowel as PMV 1 inentings gehad. Ek het bevoorbeeld ‘n top mannetjie van my skoonpa gekry, maar hy het stresmerke op die punte van sy 8ste en 9de penvere, so hy rus vir die broeiseisoen. Wyfies wat nie gladde perfekte eiers lê nie, rus ook vir die seisoen. Van hulle eiers is grof of het knoppies op en as jy hom op ’n lig sit sien jy borrels en vlekkies binne in. Die kanse dat jy ‘n goeie kuiken uit so ‘n eier kry is baie skraal. Dit is baie belangrik by wedvlugduiwe dat jou broeiduiwe in super gesondheid en kondisie moet wees om vir jou die beste kuikens moontlik te teel. So moet nie bang wees om hulle te laat rus vir ‘n seisoen nie, volgende jaar teel hulle vir jou weer top kuikens.

Voeding en aanvulling is baie belangrik, jy sal baie ver kom met ‘n goeie broeimengsel. As jy byvoorbeeld in die broeityd net pille voer, raak die pille al pap in die krop en die maag werk  nie soos hy moet nie. Dit is nie natuurlik nie. Hou jou broeimengsel as basis, ek sit bietjie lêpille by, ekstra ertjies en alle kleiner sade wat ek kan kry. Broeiduiwe raak uitsoekerig as hulle kuikens het en hulle begin los sekere graan. Maak jou kos geleidelik meer soos kuikens groei, let daarop dat daar nie te veel kos oorbly nie. Broeiduiwe benodig meer kos soos kuikens groter word, maar hou mooi rekord van hoeveelhede en as hulle begin kos oorlos, gee bietjie minder met volgende voeding. Jy voorkom vermorsing en die kuikens word net mooier groot. Dit is snaaks maar wel feite dat as daar nie kos oorbly nie, die ouers beter voer en jou kuikens is mooier en gesonder.

Daar is sekere produkte wat ‘n moet is vir duiwe en dit is grit en minerale. Ek het altyd die fout gemaak deur die klein rondawel houer vir die duiwe vol grit te gooi en dan te wag dat dit moet opvreet. Hulle vreet beswaarlik 2 dae daaraan en hou dan op. Hulle soek vars grit, so ‘n oop bak elke 2de dag en gee‘n klein hoeveelheid(Tuna blikkie vir 10 duiwe). Gooi dan ook sommer vir hulle bietjie minerale oor die grit. Kyk om verskillende soorte te kry, ook rooi steen.

Hulle is baie lief vir groenigheid, plant suurvye, soutbos, lusern en spekboompies aan, hulle soek dit veral as hulle kuikens het. Ook spinasie, kool, gerasperde beet en wortels. My duiwe se drinkwater het altyd ‘n knoffel in. Ek vat ‘n huisie of 2, gee hom ‘n druk met platkant van ‘n mes en gooi in die waterhouer. Ek gooi net elke oggend die water af en tap skoon water in, tot die knoffel na ‘n week of 2 nie meer ruik nie. Begin dan weer met nuwe knoffel.Jy kan enige tyd vitamiene, Lugels iodene, probiotics, medikasie ens. in die water byvoeg sonder om te bekommer dat iets sal foutgaan.

Daar is natuurlik dinge wat gebeur wat jou verplig om jou hok te behandel. Daar was miskien ‘n vloed en jou hok het nat geword en jy moet behandel vir koksidiose. Jy het miskien nuwe duiwe aangeskaf, dan moet jy hulle in kwarantyn hou en hulle ‘n skoonmaak behandeling gee voor jy hulle tussen jou duiwe los. As jy teel met duiwe wat altyd gesond bly sonder enige medikasie, sal jy weinig nodig hê om ‘n hele hok met antibiotika te behandel.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873




***Skrywe van Anton Oosthuizen SWD lid***

My naam is Anton Oosthuizen, en ek woon in George. Ek is getroud met, Isabel, wat my grootste ondersteuningspilaar is in alles wat ek doen. In George het ek my plek gevind by die SWD Sierduifvereniging, waar ek nie net my passie vir hierdie pragtige diere kon uitleef nie, maar ook ander mense met dieselfde liefde kon ontmoet.

Die vereniging is ‘n plek waar kennis gedeel word, waar ons mekaar aanmoedig om ons duiwe te verbeter en waar vriendskappe geblom het. Dit is nie net ‘n stokperdjie nie; dit is ‘n lewenstyl.

****My Reis in die Wêreld van Duiwe****

My liefde vir duiwe het al van ‘n jong ouderdom begin. Toe ek vyf jaar oud was, het ek met lagduiwe begin, ek het die hek oopgemaak sodat hulle kan vleig, maar tot my groot teleurstelling het hulle nooit weer teruggekom nie. Hierdie eerste ervaring het my egter nie ontmoedig nie. Ek het my passie vir duiwe voortgesit deur rollers te koop, wat ek tot in graad 8 (standard 6) aangehou het.

Met my ouers se verhuising moes ek egter van my duiwe ontslae raak. Tydens my diensplig, met my twee weke langpas, het ek weer rollers gekoop by ‘n ou in Kemptonpark – 2 weke is ‘n lang tyd as jy 18 jaar oud is.. Maar moes ek hulle weer weggee toe ek terug weermag toe is. Ná my tyd in die weermag het ek 60 Birmingham duiwe in Randburg gekoop. Daarna het ek na Benoni verhuis, waar ek long-distance rollers van die oorlede Oom Faan Grobbelaar en Oom Dennis gekoop het. Ek het met hulle geteel en op ‘n stadium ongeveer 300 duiwe gehad, hier het ek alles by Oom Faan en Oom Dennis geleer van goeie kos mengsels, nie net pitte en sonneblom nie.



In daardie tyd het ek ook resiesduiwe van Oom Pierre de Villiers van die suidelike voorstede in die Kaap aangeskaf. Hy het vir my hierdie duiwe op-

Cora Munnik
Nasionale Redakteur



Teel met Portuguese Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873



Oktober 2023





gevlieg op 'n SAL Boeing toe hy vir sy broer gaan kuier het, en hulle op sy skoot vervoer, wat toe nog toegelaat is. By Oom Pierre het ek alles geleer van duiwe siektes en medisyne, nie net condies crystals een keer 'n maand in die water nie.

Ongelukkig het ons weer verhuis, en ek moes my duiwe weggee en verkoop, maar het weer tydens die Covid-tydperk met Birmingham duiwe begin, maar ek het vinnig besef dat die valke in George 'n groot probleem was. Ek het besluit om vliegduiwe te los en oor te skakel na sierduiwe. Tans het ek 'n pragtige versameling van Poolse helmets, Duitse skoonheidsposduiwe, Runts, Sjinese uile, en Bodem tuimelaars. Elke ras het sy eie unieke skoonheid en karakter, wat my liefde vir hulle net verder versterk het.

Ek wil graag my dank uitspreek aan almal wat my


Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Oktober 2023

TRUE PERFORMING BIRMINGHAM ROLLERS

gehelp het om duiwe te kry. Dit is egter belangrik om te noem dat daar 'n probleem is wat aangespreek moet word in die sierduifvereniging, almal help met kennis, maar daar is min mense wat werklik bereid is om duiwe te deel (kleintjies teel, eiers uitruil, ens).



## *Modena vrae vir die Teler en Beoordelaar.*

*Arthur Muller*
*President SWD*



Middag Almal ek het hierdie 50 punt vraag onlangs weer raak gelees en vra dat dit weer in die Sierduif geplaas word. Dit sal help met die geheel prentjie wat ons in ons kop het van 'n Modena, hetsy as ons parings maak of selfs as ons duiwe beoordeel.

1. As jy Modenas hanteer, wat voel jy?
2. Is die Modenas die regte grootte volgens die standaard?
3. Het die duif genoeg diepte?
4. Hoeveel het die duif voor die vlerk rondings?
5. Is daar genoeg diepte voor die bene, onder die vlerke?
6. Wat van ronding van die kant gesien?
7. Is die Modena "double decker"?
8. Wat van die los vere agter die bene?
9. Het die duiwe goeie veerkwaliteit?
10. Is die vere glansryk?
11. Is daar enige los vere agter onder die stert?
12. Het die Modena genoeg breedte van voor gesien?
13. Is die vlerke van voor gesien plat of gerond?
14. Word die vlerke behoorlik op die stert gedra?
15. Kruis die vlerke?
16. Is die lengte en diepte van die vlerke reg?
17. Is die ronding van die kop reg?
18. Het die duif 'n plat kop?
19. Wat van "rise above the wattle"?
20. Is daar genoeg hoogte bokant die oog?
21. Het die Modena nie te veel "back skull" nie?
22. Wat van breedte voor die oë?
23. Is die kleur van die oë reg?
24. Wat van hang ooglede?
25. Enige gebreekte oë?
26. Het die duiwe mooi kort bekke? Lang dun bekke gaan gepaard met smal, dun koppies.
27. Wat van downface"? die terme kom glad nie by die standaard voor nie. Daar is enkele mense wat daarna verwys.
28. Het die Modena 'n mooi gesig?
29. Is die nek lank genoeg?
30. Wat van die dikte van die nek?
31. Is die nekaansluiting reg?
32. Hoe dra die duif sy kop-hoog genoeg?
33. Wat van die balans-is dit reg?
34. Staan die duif agteroor?
35. Hang hy vooroor?
36. Is die duif se bene in die middel geplaas?
37. Wat van die lengte van die bene-is hulle



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

lank genoeg?

38. Hoe dik is die bene?
39. Wat van breedte tussen die bene
40. Is die bene reguit van alle kante gesien?
41. Hoe lyk die duif se pote, pas hul by sy grote?
42. Het die Modena lang en lelike tone?
43. Hoe lyk die duif se kleur?
44. Het hy wit vlerkpenne?
45. Wat van wit vere onder die stert?
46. Hoe breed is die balke?
47. Is die rand om die balke dun genoeg?
48. Is die duif se rug kort genoeg?
49. Bedek die dekvere van die vlerke die rug, maak dit nie 'n holte nie?
50. Dink jy dit is die moeite werd om hom aan te hou?

Ek glo hierdie punte sal weer vir iemand van waarde wees tydens seleksie as teler sowel vir die Beoordelaar. Dit is tog elke teler se verantwoordelikheid dat seleksie eerste prioriteit moet wees om die ras te verbeter wat 'n paar telers goed regkry.



## *Wes Transvaal se 3-in-1 skou.*

***Marleen Esterhuizen***

| *Region* | *Exhibitors* | *Entries* |
|---|---|---|
| *Noord Van Die Vaal* | *11* | *64* |
| *Noord Vrystaat* | *6* | *79* |
| *Wes Transvaal* | *14* | *245* |
| *Totaal* | *31* | *388* |

Wes-Transvaal "Squiker" Jongduifskou het plaasgevind op die 5de Oktober 2024. Weereens was dit 'n groot sukses met 'n getal van 388 duiwe wat ingeskryf was in 59 rasse deur 31 Vertoners. Twee spesklubs – die Homer Klub en die Uil & Strikduifklub – het ons genader om hul onderskeie Prestige skou en Jongduifskou saam met ons skou aan te bied. Die drie skoue wat saam aangebied was het goed afgeloop met geen probleme wat ontstaan het nie.

Dankie aan Johan Erasmus wat dit moontlik maak vir Wes-Transvaal om die skou op sy perseel aan te bied. Die perseel is goed toegerus en baie veilig vir ons lede. Die span van Najaarsrus ouetehuis van Parys het die dag van die skou vir die innerlike gesorg, baie dankie jul het die honger wurms begin vul voordat die skou begin het. Julle het julle goed van jul taak gekwyt.

Aan elke vertoner wat ons ondersteun het, dankie. Sonder julle is 'n skou net nie moontlik nie. Dan is ons ook dankbaar vir ons beoordelaars en hoof-beoordelaar. Julle het sommer lekker deur

The south africa Modena Club

President: Johan Nel
Email: johan_nel@bat.com
Sel: 082 474 4088

Sekretaris: Dawie vd Heever
E-mail: dawievdh@telkomsa.net
Sel: 079 918 0433

*August 2024*



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

die duiwe gedraf sonder dat een ras afgeskeep was. Die beste duiwe het gewen. Dankie aan die lede wat die Vrydag al deurgekom het. Dit was 'n belewenis gewees om te aanskou; terwyl die een klomp nog besig is om duiwe in te hok en te bespreek is die ander besig om tente en karavane vir die aand in te rig, want ons gaan mos tot laatnag kuier en sommer kamp by die saal. Van vermaak met 'n pap band fiets tot nagereg om die vuur, die aand gaan nog lank in almal se gedagtes bly.

Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons deur die dag gedra het en ook gesorg het dat almal veilig by die skou aangekom het en ook later weer almal veilig tuis besorg het.

Die uitslae van die skou volg hieronder. Geluk aan al die wenners.

## Wes-Transvaal "Squiker" Jongduif skou

### Raswenners Seniors

| Ras | Vertoner | Beoordelaar |
|---|---|---|
| Brunner Pouter | Marleen Esterhuizen | Karel-Jan Smeda |
| Norwich Cropper | Robertson Lofts | Harry Munnik |
| Holle Cropper | Estreux Boerdery | Hein Hoffman |
| Pigmy Pouter | Marleen Esterhuizen | Rob Lombaard |
| Voorburg Shield Cropper | Marleen Esterhuizen | Rob Lombaard |
| Marchenero Pouter | Robertson Lofts | Christo Munnik |
| Canaria Cropper | Estreux Boerdery | Christo Munnik |
| King | Hein Hoffman | Christo Nel |
| Gros Mondain | Helene Roodt | Hein Hoffman |
| Runt | Helene Roodt | Christo Nel |
| Mookee | Phillip Lee | Nardus Marais |
| Carrier | Ds. Hennie Hattingh | Christo Munnik |
| Dragoon | Ds. Hennie Hattingh | Christo Munnik |
| African Toy | Hein Hoffman | Christo Nel |
| English Trumpeter | Andries Cilliers | Christo Nel |
| Fantail | Estreux Boerdery | Christo Nel |
| Modena - Schietti Marked | Nico Bester | Jan Lombard |
| Nun | Wikus van Niekerk | Jan Lombard |
| SA Botternek Tumbler | Louis van der Walt | Ds. Hennie Hattingh |
| Vienna Short Faced Tumbler | Estreux Boerdery | Christo Nel |
| Vienna LF Tumbler - Cleanlegged | Round Belly Farms | Christo Nel |

**Uil & StrikduifKlub**

*Spesialiteitsklub vir:*

*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**

*August 2024*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

| | | |
|---|---|---|
| Hamburg Schimmel | Estreux Boerdery | Christo Munnik |
| Berlin long faced tumbler | Estreux Boerdery | Christo Munnik |
| Old Dutch Tumbler | Tiaan Botha | Wikus van Niekerk |
| Portuguese Tumbler | Jaco Bester | Shaun Smeda |
| Rostower Tumbler | Estreux Boerdery | Wikus van Niekerk |
| Limerick Tumbler | Cora Munnik | Wikus van Niekerk |
| Old German Owl | Nico Bester | Ds. Hennie Hattingh |
| African Owl | Nico Bester | Shaun Smeda |
| Oriental Frill -Satinette | Shaun Smeda | Wikus van Niekerk |
| Oriental Frill - Blondinette | Shaun Smeda | Wikus van Niekerk |
| Italian Owl | Estreux Boerdery | Nardus Marais |
| Chinese Owl | Andries Cilliers | Awie Esterhuizen |
| Birmingham Roller | Karel-Jan Smeda | Rob Lombaard |
| German Beauty Homer | Hein Hoffman | Nardus Marais |
| Working Homer | Andries Cilliers | Nardus Marais |
| Syrian Dewlap | Estreux Boerdery | Wikus van Niekerk |
| American Show Racer | PB Marais | Hein Hoffman |
| Polish Lynx | HP Lynx | Nardus Marais |
| Lahore | Tiaan Botha | Jan Lombard |
| Magpie | Tiaan Botha | Christo Nel |
| Gimpel (with or without whiteflights) | Johan van Hengel | Christo Munnik |
| Thai Laugher | Estreux Boerdery | Wikus van Niekerk |
| Scandaroon | Helene Roodt | Ds. Hennie Hattingh |
| Old Dutch Capuchine | Ds. Hennie Hattingh | Jan Lombard |
| Damascene | Shaun Smeda | Awie Esterhuizen |
| Modeneser | Tiaan Botha | Jan Lombard |
| Dutch High Flyer | Tiaan Botha | Christo Munnik |
| Coburg Lark | Jaco Bester | Christo Munnik |
| Starling | Tiaan Botha | Wikus van Niekerk |
| stargard shaker | Estreux Boerdery | Christo Nel |
| Jacobin | Wikus van Niekerk | Johan van Hengel |
| Frillback | Helene Roodt | Wikus van Niekerk |
| Indian Fantail | Werner Schoombee | Harry Munnik |
| Egytian Swift | Tiaan Botha | Christo Munnik |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidig;ik vakant

Augustus 2024



| | | |
|---|---|---|
| Thuringian Spot | Tiaan Botha | Wikus van Niekerk |

## Raswenners Juniors

| Ras | Vertoner | Beoordelaar |
|---|---|---|
| Brunner Pouter | Elizna Crous | Karel-Jan Smeda |
| Norwich Cropper | Elizna Crous | Harry Munnik |
| Canaria Cropper | Elizna Crous | Christo Munnik |
| King | Jaco Marais | Christo Nel |
| Mookee | An-Ja-Li Boerdery | Nardus Marais |
| Barb | Elizna Crous | Harry Munnik |
| Vienna Short Faced Tumbler | Elizna Crous | Christo Nel |
| Working Homer | An-Ja-Li Boerdery | nardus marais |
| Modeneser | An-Ja-Li Boerdery | Jan Lombard |

## Junior Top 2

| | | |
|---|---|---|
| Junior Skou Kampioen | Working Homer | An-Ja-Li Boerdery |
| Junior Reserwe Kampioen | Canaria Cropper | Elizna Crous |

## Senior Top 7



| | | |
|---|---|---|
| Skou Kampioen | Norwich Cropper | Robertson Lofts |
| Reserwe Kampioen | German Beauty Homer | Hein Hoffman |
| 2de Reserwe Kampioen | Chinese Owl | Andries Cilliers |
| 3de Reserwe Kampioen | African Toy | Hein Hoffman |
| 4de Reserwe Kampioen | Polish Lynx | HP Lynx |
| 5de Reserwe Kampioen | Old German Owl | Nico Bester |
| 6de Reserwe Kampioen | Portuguese Tumbler | Jaco Bester |

## Uil & Strikduifklub Top 2

| | | |
|---|---|---|
| Skou Kampioen | Chinese Owl | Andries Cilliers |
| Reserwe Kampioen | Old German Owl | Nico Bester |

## Homerklub Top 2

| | | |
|---|---|---|
| Skou Kampioen | German Beauty Homer | Hein Hoffman |
| Reserwe Kampioen | Working Homer | Andries Cilliers |



Harry Munnik


Teel met
Birmingham Roller
Holle Cropper
Dutch Highflyer
Gros Mondain
Working Homer
Sel: 072 600 6919
e-mail: munnikharry5@gmail.com





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873












## SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

**President: Bertie Wessels**
**e-mail: bertie_wessels@hotmail.com**
**Sel: 083 733 4191**

**Sekretaris: Ds Hennie Hattingh**
**e-mail: henniehattingh703@gmail.com**
**Sel: 082 923 3910**

**Prestigeskou** *Augustus 2024*


**3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad**




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



**2de Reserwe duif en Kampioen Strikduif**

*Chinese Owl*
*Andries Cilliers*





**3de Reserwe duif**

*African Toy*
*Hein Hoffman*



***Ons lees dat engele in eerbiedige aanbidding voor die troon buig. Ons kan die engele hier op aarde in ons aanbidding nadoen.***

***'n Swak selfbeeld laat jou negatiewe dinge van ander sê***

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



**4de Reserwe duif**

**Polish lynx**
**HP Lynx**





**5de Reserwe duif en Reserwe Kampioen Strikduif**

**Old German Owl**
**Nico Bester**




# Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2024




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



6de Reserwe duif

Portuguese Tumbler

Jaco Bester





Kampioen Junior duif

Working Homer

An-Ja-Li Boerdery



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873






## American Show Racer dag te Kroonstad.
Pieter Neethling

So het die dag aangebreek en ons het die bus bestyg op pad na ons lank uit gesiene American Show Racer dag. Dankie aan Shawn wat dinge vir ons gereël het. Nardus het ons ontvang en so lekker by hom en seuns gebly en gekuier, Andries, ek, Jannie en Lihan het Vrydag aand al daar gekuier.Saterdag oggend het Bertie, Chris de Bruyn, Oom Willie, en Engelsman (Ian) bygekom.

Ons was bederf met 'n lekker ontbyt. Ons groot doel was om Prakties die standard op die duif toe te pas. Ek het ekstra sketse gemaak om dinge meer verstaanbaar en makliker te maak. Ons het gesien dat ons, ons standaard skets moet vervang. Elke deel van die duif is met sorg behandel en dan na die prakties oor gegaan. Dankie ook vir Bertie met groot bydrae tot die besprekings. Gekyk wat ons nie wil hê en dan wat ons soek. Ons het wel tot die vergelyk gekom dat daar amendemente soos sketse by die standaard geplaas moet word vir beter verstaan. Ons gaan dan op SA's daarna kyk en dan 'n voorlegging moet doen en goedkeur. Dan sal ons met Christo praat om dinge te laat gebeur. Daar word niks op geskrewe standaard verander nie, want ons gebruik land van oorsprong se standaard. Met amendemente probeer ons net om die standaard prakties en toepasbaar te maak. Ek glo almal wat daar was het verryk daar uit gegaan en begeesterd gewees vir die broei seisoen.

Nardus en familie het ons ook bederf met 'n hartlike middagete, dankie vir jou. Nardus het ook heelwat duiwe beskikbaar gestel en lede gehelp met baie goeie duiwe, dankie vir jou oop hand en goeie hart.
Dankie ook aan almal wat moeite gedoen het om die dag by te woon. Ons wil die American Show Racer dag 'n instelling maak om almal wat ASR teel en beoordeel te trek tot die geleentheid. Ons doel is ook om manne wat die dae bywoon te gebruik as beoordelaars, so ons vra dat jul moeite sal doen om so deel te bly en ingelig te wees vir die ongelooflike duiwe ras.Dankie ook vir Chris de Bruyn wat moeite gedoen het om daar te wees. Ons was twee Senior Beoordelaars. Bertie aspirant Senior en dan 3 ras Beoordelaars. Chris Brandweer en Elzaan het verskoning gemaak in hul moeilike tyd, so aanvaar, ons het jul gemis. Dankie ook aan Andries wat ons Vrydag aand bederf het met 'n heerlike steak, ons waardeer. Dankie ook aan Nardus se nuwe duifie sonder vere vir wat sy vir ons voorgesit het. Jou gasvryheid het ons waardeer. Sien uit vir volgende kuier.
Sterkte vir laaste deel van broeiseisoen.

We bpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R280 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 1602 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 1490 |
| 2. | North-of-the-Vaal: | 1452 |
| 3. | Eastern Province: | 1038 |
| 4. | South Western Districts: | 920 |
| 5. | Northern Cape: | 800 |
| 6. | Western Cape: | 600 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | KwaZulu-Natal: | 0 |
| 9. | Eastern Region: | 0 |

**Bertie Wessels Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 0 |
| 2. | Freestate: | 0 |
| 3. | Northern Freestate: | 0 |
| 4. | Northern Cape: | 0 |
| 5. | Western Transvaal: | 0 |
| 6. | Western Cape: | 0 |
| 7. | KwaZulu-Natal: | 0 |
| 8. | South Western Districts: | 0 |
| 9. | Eastern Region: | 0 |
| 10. | Eastern Province: | 0 |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873